**Sondag 9 April**

**Skrifgedeelte: Jesaja 28:14-22**
**Fokusgedeelte: Jesaja 28:16**

**Fondament van die kerk – die Messias is die Hoekklip**


Valse vertroue op mense en ander volke is rampspoedig. Die verdrag met Egipte teen die gevaar van Assirië is 'n teken van vals gronde van vertroue wat die leiers van Jerusalem koester.

Hierteenoor profeteer Jesaja van die fondamentklip, die hoekklip wat die HERE in Sion gaan lê. 'n Hoekklip (hoeksteen) is uiters belangrik vir 'n gebou, omdat al die konstruksielyne van die gebou vanaf hierdie hoekklip bepaal word. Juis daarom moet die hoekklip baie sorgvuldig en akkuraat gelê word, want dit bepaal die rigting van die gebou en die mure wat loodreg gebou moet word.

Jesaja profeteer hier van die koms van die ware saad van Dawid wat in Jesus Christus vervul is (Ps. 118:22; Rom. 9:33; 1 Pet. 2:6, 7). Jesus Christus is die hoekklip (hoeksteen) wat die kerk van die Here rig en lei. Christus is as hoekklip uitverkies vir die ereplek. Daar is geen ander hoekklip waarop gebou kan word nie. Maar toe Hy Hom, is Hy as hoekklip eenkant gegooi en daarom is Hy 'n klip waaroor mense struikel, want Hy is in die pad van mense wat op hulleself of ander vertrou, wat nie in Hom glo nie.

Vir die gelowige, wat hulle vertroue op ons Here Jesus Christus stel, is daar troos – Hy is die hoekklip van ons geestelike huis. Die kerk (gelowiges) word as geestelike huis op 'n lewende Hoekklip opgebou, terwyl ons as lewende stene (klippe) gebeitel is deur die Heilige Gees, sodat ons in die geestelike huis ons presiese plek het, om in ware geloofsgemeenskap saam met ons medebroers en -susters te kan lewe en werk.

*Sing: Psalm 118-1:11*
*Ds. PA Coetzee (Peet) (emeritus)*




*(Van Rensburg. Fika J.* ***2005****. Christus, die Hoekklip en Sluitklip, maak jóú 'n lewende gekapte klip in sý tempel. Die Kerkblad, Oktober 2005:36-37. Tekening met erkenning aan die artikel.)*